PALPRAC
The Association of Palliative Care Practitioners SA
215-486 NPO
930068846 PBO
info@palprac.org
www.palprac.org

MITES OOR MORFIEN

Morfien en ander sterk pynstillers help mense met matige of akute pyn, as gevolg van ernstige siektes soos kanker. Soms, selfs as mens dit moeilik vind om asem te haal, kan ‘n klein hoeveelheid morfien help. Wanneer dit reg gebruik word (met die hulp van ‘n dokter of verpleegster) is morfien veilig en baie goed om pyn te verlig.

Die korrekte gebruik van morfien beteken die persoon neem die regte dosis, gereeld, op die regte tyd volgens die skedule vir daardie spesifieke pasiënt. Dit kan dalk ‘n paar algemene newe-effekte veroorsaak, maar dit is maklik om te behandel. Daar is baie mites oor die gebruik van morfien, selfs tussen dokters, verpleegsters en nie-mediese mense. Dit kan daartoe lei dat mense met pyn meer ly as wat nodig is.

Hier is ‘n paar mites oor morfien asook die regte feite:

Mite: Die gebruik van morfien beteken jy is op die punt om te sterf.
Feit: Terwyl sommige mense wat morfien neem ernstig siek is, kan ander wat morfien gebruik nog steeds aktief wees en hul daaglikse take doen omdat hulle pyn en ander simptome goed onder beheer is.

Mite: Morfien laat jou vinniger sterf.
Feit: Wanneer die pasiënt die regte dosis gereeld op die regte tyd volgens die skedule neem is daar geen bewys hiervan nie. Morfien is bedoel om te help met pyn, nie simptome erger te maak nie.

Mite: Morfien maak jou slaperig of verward.
Feit: Dit kan dalk in die begin gebeur maar die gevoel gaan na so 3 tot 7 dae weg AS dit gereeld geneem word soos voorgeskryf. As dit nie weg gaan nie kan daar dalk ‘n ander rede wees, soos jou siekte en dit is iets wat jy met jou gesondheidsorgspan moet bespreek.

Mite: Morfien is verslawend.
Feit: Wanneer dit reg gebruik word, soos ‘n dokter of verpleegster dit verduidelik het, is morfien nie verslawend nie.

Mite: As jy morfien begin gebruik, sal jy nie kan ophou nie, en dit sal later nie meer werk nie.
Feit: Jou dokter kan jou dosis verander of vermeerder soos wat jou pyn verander, sodat jy nog steeds beter voel.

Mite: Morfien moet net vir ernstige pyn gebruik word.
Feit: Soms, selfs vir nie te ernstige pyn nie kan ‘n klein dosis morfien meer help as ander medisyne.

Mite: Jy kan morfien enige tyd gebruik wanneer jy dit nodig het.
Feit: Dit werk beter as jy dit gereeld neem, soos elke vier ure, om die pyn weg te hou.

Mite: As jy siek voel of jeukerig is nadat jy morfien geneem het, is jy allergies vir dit.
Feit: Dit is skaars om vir morfien allergies te wees. Om siek en jeukerig te voel kan gebeur, maar dit bedoel nie jy is allergies nie. Om siek te voel gebeur gewoonlik wanneer jy morfien vir die eerste keer begin gebruik, maar die gevoel gaan na so 3 tot 7 dae weg AS jy die morfien gereeld neem soos aan jou verduidelik is. Medikasie wat teen naarheid werk kan ook gebruik word om die onplesierige gevoel weg te vat.

Mite: Hardlywigheid wat deur die gebruik van morfien veroorsaak word bedoel jy kan dit nie meer gebruik nie.
Feit: Hardlywigheid is ‘n algemene newe-effek, maar jy kan dit beheer met die regte medisyne.

Mite: Morfien beskadig jou hart.
Feit: Morfien is veilig vir al jou organe, insluitend jou hart.

Om die waarheid oor morfien te ken kan jou help om beter keuses oor jou pyn verligting te maak.
Dit kan jou ook help om meer gemaklik te voel as jy met jou dokter of verpleegpersoon daaroor praat.

Scan for more resources